Hoërskool Despatch

STIGTINGSDATUM: 1949
LEUSE: BLAAS HOOG DIE VLAM
ADRES: AMPERBOSTRAAT,
DESPATCH,
6220
WWW.HSDESPATCH.CO.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

In 1943 was daar 400 laerskoolkinders in die geboue wat nou deur die Laerskool Susannah Fourie gebruik word. Maar hoërskoolleerlinge moes noord na Uitenhage reis of suid per trein na Port Elizabeth. Die situasie het onhoudbaar geraak en die Departement van Onderwys is versoek om 'n sekondêre skool in Despatch te stig. 'n Historiese vergadering is in die kerksaal van die NG Kerk Bothasrus gehou. Dit het gelei tot die stigting van 'n sekondêre skool, wat met 134 leerlinge geopen is. Vyf onderwysers is aangestel en mnr Van Graan was die eerste hoof. Die skool het aanvanklik net vier kamers gehad: een huishoudkundeklas, 'n houtwerkklas, 'n laboratorium en 'n personeelkamer.

Verskeie sportsoorte is aanvanklik aangebied, rugby, netbal, tennis en jukskei. Krieket, hokkie, stoei, boks, bofbal en swem het later gekom.

In 1950 het die sekondêre skool 'n hoërskool geword en die leerlingtal het gestadig aangewas. 'n Leuse, skoollied en wapen het gekom. Onder die hoof Colin Bartle het die aantal leerlinge tot 850 gegroei.

Rugby by Despatch

Hoewel die skool so onlangs soos 1949 gestig is, het hy reeds 'n trotse rugbygekiedenis. Die legendariese breier TC de Jager het in die jare sestigs van Pearson na Despatch gekom, en word beskou as een van die grondleggers van die skool se onlangse sukses. Hy was onder meer breier van die uitmuntende 1977-span wat net een wedstryd verloor het. Daardie span het ingesluit Pote Human, die senter Danie Gerber en die vleuel Steve Kinghorn, 'n drieëvraat wat sy sukses gereeld te danke had aan Gerber se kreatiewe spel aan sy binnekant.

Die laat 80's was ook goue jare vir die skool. In 1986 is Craig Richardson vir SA Skole gekies, en sy broer Michael in 1989. Pieter O'Neill het sowel in 1988 as 1989 vir SA Skole gespeel. Nog 'n ster was Rassie Erasmus, wat agt jaar ná skool vir die Springbokspan gekies is, en in 36 toetse sou speel.

Die Media 24-kompetisie is onder streekskole oor die hele land gespeel, en die wenner van elke streek het in die finale teen mekaar gespeel, gewoonlik aan die einde van Augustus. Die kompetisie is intussen opgehef, maar Despatch het 'n gesonde rekord gehandhaaf in die Liga vir Medium Skole (skole met minder as tien spanne in hul plaaslike ligas). In 2001 het Despatch die finaal gehaal, en in 2002 het hulle die beker verower. Die daaropvolgende jaar hy hulle die semi-finaal bereik. Dis inderdaad 'n reuse-prestasie vir 'n skool met net 360 seuns. Maar die skool se grootste kordaatstuk is dalk Coenie Stumpher-hulle se 20-16 oorrompeling van die magtige Monument in hul eie agterplaas. Dit was in 2002. Die eerste span het daardie jaar net een wedstryd verloor, teen hul tradisionele opponent Daniël Pienaar. Dis moontlik die grootste derby vir Despatch, en omdat baie leerlinge van Despatch in Uitenhage skoolgaan en mekaar ken, is hierdie

kragmeting des te meer intens. Ander derbies is teen skole in Port Elizabeth, onder meer Framesby, en Karoo-skole soos Volkskool, Graaff-Reinet, Marlow en Cradock.

Oos-Kaapse skole weet hulle moet alles uithaal teen Despatch wat bekend is vir taai verdediging en hardlooprugby. Die skool beskik in die laaste tyd oor goeie junior spanne, en soos gewoonlik word groot verwagtinge vir rugby op Despatch gestel.

Despatch is met reg trots op sy onlangse oudleerlinge. Die legendariese Danie Gerber word alom beskou as die beste Springbok-agterspeler ooit. Gerber het drie keer vir 'n SA Skolespan uitgedraf – 'n rekord. Hy was nooit in 'n verloorspan by die Cravenweek of SA Skole nie. Hy is steeds as breier by skolerugby in die omgewing van Port Elizabeth betrokke. En dan is daar die die toegewyde breiers Pote Human en Rassie Erasmus.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Danie Gerber
Rassie Erasmus

"Rassie Erasmus was 'n volronde leerling, akademies goed, 'n CSV-leier, 'n prefek, 'n goeie krieketspeler, en, natuurlik, 'n briljante rugbyspeler. Hy was losskakel op junior vlak, maar toe hy in std 8 by die 1ste span beland, het ek hom na die skrum geskuif. Hy was sterk genoeg vir agsteman, en is in matriek in daardie posisie na die Cravenweek. Hy het daarin uitgeblink. Rassie het sedertdien ook 'n uitmuntende breier geword."

— Coenie Stumpher (Breier 1992–2003)

"Die groot derbies was nog altyd vir ons strawwe wedstryde, maar ek vind dat die ouers gewoonlik meer opgewonde as die spelers raak! Wat tot die spanning bydra, is dat jy gewoonlik teen goeie vriende uit die verskillende skole speel."

— Wouter Moore (2002)

"Toe ek by Despatch opdaag, het ek niemand geken nie. Die hoofseun (later my vrou se neef) het my alleen sien staan en gesê ek moet 'n rugby-oefening later daardie middag bywoon. Ek het nog nooit in my lewe rugby gespeel nie, maar het my by 'n o.14-oefening aangesluit. Ek was dertien jaar oud. Maar in die eerste twintig minute het ek vier drieë gedruk. Ek het almal maklik gesystap, en ek het geskop, gedrubbel en kon kortskop. Ek het op laerskool sokker gespeel. Die breier het my dadelik na die A-span gestuur.

Ek het vier jaar vir die eerste span gespeel, en die skool wou my in std 7 reeds Cravenweek toe stuur, maar my pa het geweier. Ek is egter van std 8 tot std 10 Cravenweek toe. Ek was ook vir drie jaar lid van SA Skolespan."

— Danie Gerber (1974–77)

"My o.15 afrigter Piet Bezuidenhout het vir my die noemnaam Pote gegee omdat ek nommer 13 skoene gedra het.
Op skool al het ons almal geweet Danie Gerber gaan 'n Springbok word; hy was ongelooflik. Dit was opwindend om saam met hom te speel. Ek en Danie het ons rugby by Despatch geleer. Dit was ons fondasie. Daai fondasie was 'n liefde vir spel, die 'basics,' en belangrikste van alles: dissipline. Dit geld vir die lewe en dit geld vir sport; as jy nie dissipline het nie gaan jy nie ver kom nie."

— Pote Human